

Titel: Pasop vir smulhappies
Pastor: Lucille May
Datum: 28 Maart 2010
Tyd: 19:00



Gesonde vaderskap:

- Doel: heelheid en onafhanklikheid
- Benodig nie jou getrouheid nie
- Vryheid om te misluk
- Dissipline vinnig en swaar
- Wys na Die Goeie Herder
- Leer beginsels, NIE toepassing nie

Spreuke 23:1-3

¹ Sit jy aan om saam met 'n heerser te eet, let dan net op wat vóór jou is, ² en sit 'n mes op jou keel as jy 'n goeie eetlus het. ³ Moenie sy lekker ete (smulhappies / delikatesse) begeer nie, want dit is bedrieglike spys.

Verkeerde vaderskap:

- Doel: kloning en afhanklikheid
- Benodig jou getrouheid
- Mislukking: subtiele verwerping
- Dissipline: weerhouding van belonings
- Reëls om jou 'veilig te hou'
- Pas beginsels vir jou toe

Meesters



Romeine 8:15

¹⁵ Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader.

II Samuel 15:2-6

² Hy het soggens vroeg opgestaan en langs die pad by die stadspoort gaan staan. Hy het elkeen wat met sy saak vir 'n beslissing na die koning toe gekom het, na hom toe geroep. "Uit watter stad is jy?" vra hy dan. ³ As die man antwoord: "Ek is 'n Israeliet," sê Absalom vir hom: "Kyk, jy het 'n sterk, regverdige saak, maar by die koning sal niemand na jou luister nie." ⁴ Dan voeg Absalom by: "As ék maar net as regter in hierdie land aangestel word, sou ek 'n regverdige uitspraak lewer vir elkeen wat met 'n geding of saak na my toe kom." ⁵ As so iemand nader kom om voor hom te buig, slaan Absalom sy arms om hom en soen hom. ⁶ So het hy gemaak met al die Israeliete wat vir regspraak na die koning toe gekom het, en op hierdie manier het hy die burgers se harte gesteel.